

MAANDELIKSE NUUSBRIEF: FEBRUARIE 2018

Geagte HSAG-belegger / Mnr / Mev / Mej

Hierdie nuusbrief is aan u gerig as lid van die Hoëveld Sindikasie Aksiegroep (“HSAG”) op grond van u belegging in die Highveld Sindikasiemaatskappye 15-22 en/of u ondersteuning van die HSAG.

Alhoewel e-posse van tyd tot tyd uitgestuur word is die www.hsaction.co.za webtuiste die primêre plek waar u HSAG inligting kan bekom.

Hou ons asseblief op hoogte van enige veranderinge van u persoonlike en/of kontakbesonderhede.

1. INLEIDING

Die HSAG het twee hoof-aansoeke in die Gautengse Hooggeregshowe uitgereik wat die volgende behels:

- 1.1. Die sertifisering van die klas-aksie (uitgereik in Pretoria gedurende Oktober 2014) teen 23 Respondente. Dit is die Appellante se saak dat 18 300 beleggers waarvan die meerderheid bejaarde persone is, in die tydperk vanaf 2005-2009, R4.6 miljard in agt eiendom sindikasie maatskappye, die Highveld Sindikasie 15-22 maatskappye (“HS Maatskappye”) belê het, welke maatskappye beheer was deur ’n eiendomsmagnaat, Mnr Nic Georgiou (“Georgiou”). Al hierdie maatskappye is publieke maatskappye met uitgereikte prospektusse en onbeswaarde onroerende eiendomme. Vier van die HS Maatskappye (HS 19-22) het sekere onroerende eiendomme van Georgiou/sy entiteite gekoop vir die bedrag van R3.2 miljard. Die koopprijs van daardie eiendomme was ten volle betaal deur die HS 19-22 maatskappye, maar die verkopers het geweier om die eiendomme oor te dra aan die HS 19-22 Maatskappye. Hierdie maatskappye asook die HS15-18 maatskappye (wat ook onbesware onroerende eiendom gehad het) was daarna onder besigheidsredding geplaas deur die direkteure van die HS Maatskappye, wie Mnr. Hans Klopper (“Klopper”) aangestel het as besigheidsredding-praktisyn.
- 1.2. Die tersydestelling van die hofbevel wat *ex parte* verkry was gedurende November 2014 in Johannesburg, welke bevel ’n a155 Reëlinskema in verband met Orthotouch (een van Georgiou se entiteite) wat onroerende eiendom, HS15-22, gekoop het van die besighidsreddingpraktisyn, maar versuim het om sy ooreenkomste na te kom. Een van die deurlopende aspekte is dat die a155 Reëlinskema Georgiou en ander vrywaar van alle aanspreeklikheid.
- 1.3. Ons Prokureurs tree op namens amper 7000 beleggers in die bovermelde HS15-22 Maatskappye.

2. SEISOEN VAN HOOP

Die afgelope tyd het dit weereens duidelik geblyk dat persone wat onskuldige partye se geld gebruik om hulself te verryk en boonop regsaksies wat teen hulle ingestel word daarmee verdedig, uiteindelik aan die pen ry nadat mnr Jacob Zuma onttroon is as President van Suid-Afrika en sommige hooggeplaastes, volgens berigte, in hegtenis geneem is vir misdrywe wat hul gepleeg het.

Die nuwe President, Mnr Cyril Ramaphosa, het plegtig belowe om die Grondwet en ander Wette, wat die regstelsel insluit, te beskerm en te eerbiedig en het die hoop vir die HSAG-saak opnuut weer opgevlam dat die regsproses regverdig tot voordeel van die HSAG-beleggers sal wees.

Mnr Georgiou en sy marionette het al verskeie kere gepoog om die HSAG se saak te ontspoor, maar het tot op datum hiervan nog nie daarin geslaag nie.

Die HSAG-regspan en bestuur staan verskeie uitdagings in die gesig. Een van die grootste uitdagings is om HSAG-lede voortdurend gemotiveerd en positief te hou.

Ons kan u egter verseker dat ons deeglik bewus is van die uitdagings waarmee beleggers elke dag wroeg en ons alles in ons vermoë sal doen dat reg en geregtigheid geskied. Ons wil u gevolglik graag versoek om positief te bly en om u eie saak te ondersteun.

U as belegger het u hardverdiende geld in die HS-maatskappye belê, ons daag u uit om ons arms en veggies hoog te hou en saam daarvoor te veg!

3. RENTEBETALINGS DEUR ORTHOTOUCH

Ons prokureurs se kantore is die afgelope twee weke oorval deur oproepe en e-posse van ontevrede beleggers wat hul misnoeë uitspreek oor die laat rente betalings wat deur Orthotouch gemaak is!

Dit is maar net weereens 'n bewys dat Orthotouch nie vertrou kan word om te presteer soos wat dit in terme van hul eie Hofbevel verplig is om te doen nie.

Die kantore van die prokureurs is ook deur verskeie beleggers versoek om regsstappe teen Orthotouch te neem ten einde te voorkom dat laat betalings weer gebeur.

Alhoewel die HSAG-bestuur algeheel begrip het vir die moeilike finansiële omstandighede waarin Orthotouch beleggers plaas, wil ons graag bevestig dat die prokureurs van die HSAG geensins betrokke is by die oorbetalings van die rente nie.

In vorige Nuusbriewe het ons bevestig dat die hoofdoelstelling van die HSAG is steeds om die Hooggeregshof van Suid-Afrika by wyse van aansoek te nader vir bevele tot verlot aan beleggers in HS15 – 22 om 'n Klas-Aksie/s teen mnr. Nic Georgiou, sy seuns, hul entiteite en ander Respondente in te stel vir die verhaling van skades en verliese wat beleggers in die mislukte Highveld Sindikasie Maatskappye 15 – 22 en verwante sake gely het.

Hierdie bly steeds die hoofdoel van die HSAG aangesien dit onomwonde geblyk het dat Mnr Nic Georgiou en Orthotouch nie hul ooreenkomste honoreer nie.

Die twee hoofsake waarby die HSAG tans betrokke is, is die sertifisering van bogenoemde Klas-Aksie/s asook die tersydestelling van 'n Reëlinskema kragtens Art 155 van die Maatskappye Wet, onder andere ingevolge waarvan mnr. Nic Georgiou, sy seuns, hul entiteite en ander Respondente deur 'n Hofbevel algeheel kwytgeskeld en gevrywaar word van persoonlike aanspreeklikheid.

Die Art155-Reëlinskema beperk in wese tans die verhaling van eise deur beleggers teenoor Orthotouch, 'n eiendomsmaatskappy wat slegs oor twee aanliggende eiendomme beskik. Die Georgiou-sakeryk word algeheel uitgesluit en kwytgeskeld van aanspreeklikheid. Die koopprys van die twee Orthotouch-eiendomme was R 143 miljoen waarteen 'n verband van R 72 miljoen ten gunste van Accelerate Security S P V (Edms) Bpk geregistreer is, gevolglik met 'n oorblywende waarde van R 71 miljoen wat deur elke eisergedeel word. Daardie bedrag verteenwoordig 0.01% van die totale eis van R4.6 miljard wat van Mnr Nic Georgiou, sy seuns en sakeryk geëis word.

Indien die Art155 Reëlinskema tersyde gestel word, val die Highveld Sindikasie 15–22 Maatskappye voortgaan onder besigheidsredding; sal mnr. Hans Klopper versoek word om as besigheidsreddingspraktisyn te bedank, in die alternatief sal 'n aansoek vir sy verwydering as besigheidspraktisyn ingedien word aangesien HSAG-lede voel dat hy nie in hul beste belange onder besigheidsredding opgetree het nie. Indien 'n nuwe besigheidspraktisyn aangestel word sal hy versoek word om die nodige stappe te neem ten einde die maatskappye se belange te dien en sal die HSAG kan voortgaan met die sertifikasie-aansoeke van die Klas-Aksie.

Tot tyd en wyl die Art155-Reëlinskema tersyde gestel is, is mnr. Nic Georgiou/Orthotouch in terme van 'n hofbevel verplig om maandelikse rente te betaal en kan hulle gevolglik nie summier ophou daarmee nie.

Ons versoek u vriendelik om Orthotouch direk te skakel op 087 997 0545 of 'n e-pos te stuur na admin@orthotouch.co.za indien u rentebetaling wil opvolg of indien u 'n klagte wil lê oor die laat betaling.

4. DEBIETORDERFASILITEIT

Die HSAG bestuur het aan die einde van 2017, op grond van verskeie versoeke deur agterstallige lede wat nie eenmalige jaarlikse bydrae kon maak nie, die moontlikheid van 'n debietorderstelsel ondersoek en is daardie fasiliteite nou gefinaliseer. Die tersaaklike agterstallige beleggers sal gedurende Maart 2018 dokumentasie en inligting ten aansien van hierdie debietorderfasiliteit ontvang.

Indien u gevolglik (1) agterstallig is en (2) belangstel om 'n maandelikse debietorder te verskaf, moet u asseblief so spoedig moontlik u volle naam, van en identiteitsnommer stuur aan hsagdebitorder@gmail.com

Na ontvangs van laasgenoemde e-pos, sal die HSAG dokumentasie aan u stuur wat u sorgvuldig moet invul en terugstuur per kerende e-pos, ten einde die HSAG in staat te stel om u debietorderfasiliteit te aktiveer.

5. GEBRUIK VAN KORREKTE E-POS ADRESSE EN VERWYSINGS

Dit is van uiterste belang dat beleggers die korrekte e-pos adresse (soos vervat op ons webtuiste en e-posse) asook hul voorletters en van, sindikasiennommers en verwysingsnummers (bv. identiteitsnommer ens.) vir alle kommunikasie gebruik. Indien 'n belegger 'n epos na die verkeerde adres sou stuur sal dit daartoe lei dat daardie e-pos nie die nodige aandag geniet nie wat aanleiding sal gee tot vermorsing van tyd en koste.

Bestaande e-pos adresse is as volg:

- hsactiongroup@gmail.com vir algemene navrae en hsagenquiries@gmail.com vir spesifieke rakende die klas-aksie;
- hsagregister@gmail.com vir die registrasie van nuwe lede van die klas-aksie;
- hsagwhistle@gmail.com vir alle vertroulike inligting wat anoniem aan ons gestuur moet word;
- hsagdebitorder@gmail.com vir beleggers wat hul bydraes by wyse van debietorders wil betaal.

Besoek ook gerus ons webtuiste onder FAQ/VGV vir aplemene vrae.

6. HSAG SE AMPTELIKE WHATSAPP-GROEPE

Indien u sou belangstel om nuusbrokkies of nuusflitse per WhatsApp te kry, is u welkom om aan te sluit by die HSAG se amptelike Whatsapp-groepe.

Stuur gerus u selfoonnommer; identiteitsnommer; volle naam en van, na hsactiongroup@gmail.com, waarna u op die groepe gelaai sal word.

U kan ook direk kontak maak met die onderskeie WhatsApp-groepe by 079 635 4165 (Afrikaans) en 082 450 8854 (Engels).

Die HSAG het ook 'n amptelike facebook-blad, en kan by www.facebook.com/hsaction besigtig word.

7. HSBF SKIKKING EN ONLANGSE KORRESPONDENSIE

Mnr Nic Georgiou se HSBF wat gedryf word deur Mnr Helgard Hancke, is steeds besig om te poog om beleggers te oortuig dat hulle (nieteenstaande verskeie vorige teleurstellings) weer met Mnr Nic Georgiou/Orthotouch besigheid moet doen.

Dit is roekeloos en gewetenloos dat die HSBFaanhou om onskuldige beleggers aan te moedig om 'n skikking met Orthotouch aan te gaan, dit terwyl Mnr Helgard Hancke weet dat Orthotouch nie eers geld het om sy maandelikse renteverpligtinge teenoor beleggers na te kom nie!

Ons wil u graag vriendelik waarsku om geensins met Orthotouch te skik of besigheid te doen nie. Orthotouch staan nie alleen ernstige finansiële probleme in die gesig nie, maar verkeer Orthotouch ook onder 'n finansiële Artikel 155 Reëlinskema. Gemelde skema is bestem vir maatskappye wat nie hul verpligtinge teenoor krediteure kan nakom nie.

Streng gesproke is die HS-beleggers nie eens krediteure van Orthotouch indien Orthotouch sou likwedeer nie, en sal beleggers dus geen voorrang geniet bo enige ander skuldeiser nie. Indien beleggers met Orthotouch skik, sal hulle spreekwoordelik agter in die ry staan indien daar uitbetalings indien enige gemaak moet word. Ons vermoede is dat die oorblywende krummels deur likwidateurs en ander persone opgebruik sal word en dat daar geen restant vir beleggers oor sal bly nie.

Mnr Nic Georgiou is die welgestelde persoon wat met die beleggers se geld sit en, indien HSAG-lede met Orthotouch skik, bepaal daardie kontrak dat Mnr Nic Georgiou, sy familie en sakeryk algeheel kwytkeskeld word van enige verpligtinge. Die HSAG tree persoonlik teen Mnr Georgiou, sy familie en sakeryk op en is die inligting tot ons beskikking dat hy steeds die beleggers se miljarde rande beheer. Dit kan gevolglik ramspoedige finansiële gevolge vir beleggers hê indien hulle hul regte teen die Georgiou en ander Respondente sondermeer afteken.

Mnr. Helgard Hankce maak reeds, sedert hy in die geheim op 'n onderduimse wyse na die Georgiou kamp oorgestap het op 'n stadium toe hy in 'n vertrouensverhouding met die HSAG en bestuur gestaan het, leë beloftes dat beleggers se regte "beskerm" is en dat

hulle sedert April 2017 reeds hul geld sou kry. Hiervan het egter dadels gekom en word die sperdatums en beloofde uitbetalings voortdurend aangeskuif met flou verskonings.

Die HSBF skikking met mnr Nic Georgiou/Orthotouch hou enorme gevare met ernstige gevolge vir beleggers in. Daar is geen waarborg betalings uiteindelik sal realiseer nie en is die kans dat beleggers die ooreengekome bedrae sal ontvang, feitlik nul. Inteendeel, ons word meegedeel dat persone wat aan die begin van 2017 met Mnr Georgiou deur middel van Hancke vir 50% skik het, buiten een betaling, niks verder ontvang het nie!

Die HSAG is geensins gekant teen enige skikking met mnr. Nic Georgiou/Orthotouch nie, maar sal dit **net** doen as die belange van die HSAG-lede beskerm word. Slegs indien voorsiening gemaak word vir die moontlikheid dat, sou Georgiou/Orthotouch nie hul woord hou of aan die ooreenkoms voldoen nie, beleggers kan voortgaan as lede van die HSAG klas-aksie. Dit is tans nie die geval met die skikking deur Hancke (HSBF) namens mnr Nic Georgiou/Orthotouch nie, aangesien die beleggers **beslis** hul regte in gevaar gestel het deur die ondertekening van die huidige kontrak.

Die Georgiou propaganda masjien, die HSBF, poog om beleggers te oortuig dat die hofgedinge “duur en vrugtelose litigasie” is. Duidelik verstaan die propagandiste nie die beginsel van “ekonomie van skale” nie. Byvoorbeeld, Mnr Hancke moes in een saak wat hy verloor het, 33 keer meer aan die HSAG betaal as wat 'n HSAG lid jaarliks moet bydrae!

Die enigste oogmerk van die HSBF is om beleggers daarvan te laat afsien om hul geld vanaf Mnr Georgiou en ander respondente terug te eis. Die vraag is: “Waarom sal HSAG lede toelaat dat iemand met hul hardverdiende geld wegstap?”. Mnr Helgard Hancke het in onlangse hofstukke bewys dat hy nie sal skroom om onder eed onwaarhede kwyt te raak nie en kan hy beslis nie vertrou word nie. Hy het immers, terwyl hy op die HSAG bestuur gesit het, in die geheim met Mnr Georgiou onderhandel, geskik en die HSAG blatant verraai.

Die enigste persone wat die litigasieproses wil vertraag is Mnr Georgiou en sy trawante. Waarom spandeer hulle die beleggers se miljoene rande op litigasie? Die oplossing vir Georgiou is eenvoudig: **Stel jou saak aan die Hof en verduidelik wat van die beleggers se miljarde rande geword het!** Tot dusvêr het hulle egter alles in die stryd gewerp ten einde die klas-aksie te ontspoor, en voormelde is herhaaldelik deur die Regters van die Hooggeregshof, Spilg, Murphy en Ismail in hul sterkbewoorde uitsprake uitgewys. Laasgenoemde uitsprake spreek vanself, en is die HSBF se opmerkinge sonder enige substansie, en sonder enige konkrete bewyse wat hul verskeie opmerkinge en bewerings kan staaf. Voormelde uitsprake asook die eedsverklarings waarin Mnr Hancke ontmasker was dat hy leuens onder eed vertel het, is beskikbaar vir besigtiging op die HSAG se webtuiste by www.hsaction.co.za.

Ten aansien van die HSBF se skikkingsterme, is daar definitiewe gevare waarvoor die beleggers bedag moet wees:

- Beleggers wat die HSBF se voorgestelde skikking aanvaar, erken die bestaan en regsgevolge van die A155 Reëlinskema, welke skema die HSAG in die proses is om tersyde te stel. Beleggers se aanbod om te skik is onomkeerbaar, en kan dus nie na ondertekening deur 'n belegger teruggetrek word nie.
- 'n Verdere risiko is dat beleggers onmiddellik hul eise verloor by ondertekening van die skikkingsooreenkoms, omrede Orthotouch onmiddellik sessie neem van beleggers se aandele. Dit beteken dat, indien Orthotouch versuim om die volle 55% kapitaal te betaal in terme van die skikkingsooreenkoms, sal 'n belegger nie op sy regte kan steun nie, omdat voormelde reeds aan Orthotouch sedeer is.
- Dit beteken dat sulke beleggers nie sal kan steun op die ondersteuning van die HSAG indien die ondertekende skikkingsooreenkoms nie nagekom word nie.
- Beleggers sal ook geen verdere rente ontvang nie, selfs al minag Orthotouch die skikkingsooreenkoms.
- Skikkings met Orthotouch is nie vervat in 'n Hofbevel nie en kan beleggers dit nie onmiddelik afdwing nie.
- Voorts moet beleggers in gedagte hou dat die HSBF reeds vir 'n geruime tyd dreig dat Orthotouch gaan likwiedeer, maar terselfdertyd word 'n skikking met Orthotouch gepromoveer! Laasgenoemde laat ernstige en kommerwekkende vrae ontstaan, asook die feit dat verskeie beleggers selfs nie meer rentebetaling in terme van Opsie 1 ontvang nie.
- Die HSBF beweer in hul skrywe dat beleggers aangetoon het dat hulle nie wil wag tot November 2024 ten einde hul pro-rata kapitaal te ontvang in terme van Opsie 1 nie – laasgenoemde stelling is misleidend, omdat dit algemene kennis is dat Orthotouch struikel om rentebetaling tydig na te kom, en dat die volle uitbetaling in 2024 algeheel onwaarskynlik is.
- Orthotouch het tot datum hiervan steeds nie Opsie 2 se beloofde uitbetaling in Maart 2017 gestand gedoen nie, en dit ten spyte van 'n hofbevel wat gehoorsaam moet word in hierdie verband.
- Dit blyk ironies te wees dat die HSBF as een van hul “aspekte wat die betalingstermyn beïnvloed” die rentebetaling aan beleggers wat *nie* geskik het *nie*, oorweeg. Selfs voordat die skikkingsaanbod deur die HSBF fasiliteer is, was daar reeds beleggers wat nie hul maandelikse rente ontvang het nie – 'n struikelblok wat Orthotouch tot datum hiervan nie bevredigend kon aanspreek nie.

Watter impak sal die beloofde betaling in terme van die 55% skikkingsaanbod op beleggers hê wat verkies om *nie* te skik *nie*, en waarom moet laasgenoemde beleggers enigsins beïnvloed word deur 'n moontlike skikking? In terme van die A155 Reëlinskema is Orthotouch in elk geval verplig om rente aan die beleggers te betaal, en behoort hierdie aspek dus geensins deur Orthotouch oorweeg te word ten einde beleggers te oortuig om te skik nie! Hulle is immers gebonde aan hul eie hofbevel wat hulle agteraf en in die geheim verkry het en kan hulle nie nou daaruit kom nie!

Waarom beklemtoon Helgard Hancke kontantvloei as Mnr Georgiou reeds met ál die kapitaal van die beleggers sit? Waarheen het die geld gevloei en hoekom vloei slegs druppels rente terug? Dis hoogtyd dat Orthotouch en Mnr Georgiou hulle boeke oopgooi en wys wat het van die beleggers se geld geword! Een ding wat Hancke nooit aan beleggers sal kan verduidelik nie is: Wat het geword van die miljarde rande wat Georgiou gevat het?

Dit blyk duidelik dat Orthotouch inderdaad bekommerd moet wees oor hul “gesonde kontantvloei”, soos daar beweer word “oor en oor” beklemtoon is ten einde die HSBF se skikking suksesvol uit te voer.

Beleggers moet hulself derhalwe die belangrike vraag vra: Beskik Orthotouch enigsins oor die vermoë om die skikkingsooreenkomste na te kom, aangesien dit blyk asof Orthotouch straks nie oor die finansiële vermoë beskik om hul verpligtinge in terme van die Reëlinskema na te kom nie.

Die HSAG-lede word derhalwe weereens ernstig gewaarsku om baie versigtig te wees (en selfs regsadvies van hul eie prokureurs te verkry) wanneer hulle sake doen om met Nic Georgiou / Orthotouch buite die HSAG te onderhandel, aangesien dit nadelig vir hul regte kan wees en uiters riskant is.

Die Valke was onlangs weer in verbinding met die HSAG en bevestig dat hul ondersoek voortgaan. Dit blyk duidelik asof daar persone is wat onrustig moet slaap en antwoorde verskaf oor wat geword het van die vermiste miljarde.

8. LEDE-BYDRAES EN REGISTRASIEKOSTE

Die lewensbloed van die HSAG is die reg op toegang tot die howe met regsverteenvoording plus die nominale jaarlikse bydraes wat lede en ondersteuners maak. Die HSAG se opponente, wie met miljarde rande van beleggers se hardverdiende sit, sal egter alles in hul vermoë doen om te keer dat ’n geregshof ’n beslissing oor die terugbetaling van die gelde maak. Tot dusver het die howe in al meer as 15 aansoeke (met uitsluiting van een saak) suksesvol op die meriete ten gunste van die HSAG beslis. Alle aanduidings is daar dat die beleggers ’n verdienstelike saak ondersteun.

Vanuit die staanspoor is HSAG-lede in kennis gestel dat, afhangende van die aard en omvang van die saak asook die ondersteuning en samewerking deur voornemende HSAG-eisers, dit verwag kan word dat jaarlikse finansiële bydraes van die HSAG-lede aangevra moet word.

Die HSAG-bestuur het vroeër vanjaar besluit dat daar ’n verdere opvraging vir administrasie- en regskostes vanaf Februarie 2018 gehef gaan word. ’n Bedrag van R2 000 sal **per persoon/belegger** gehef word (en nie per sindikasie soos met die 2016

opvraging nie) en sal sodoende beleggers met meer as twee sindikasies tegemoetgekom word.

Die opvraging sal stelselmatig op beleggers se state gelaai word. Die eerste groep opvragings word reeds in die Februarie 2018 maandstate gelaai. Die tweede groep sal opvragings sal in die Maart 2018 Maandstate gelaai word.

Vanaf einde Februarie 2018 sal persone met 'n **totale eiswaarde** van R50 000 of minder en met vooraf skriftelike versoeke aan Theron & Vennote, tegemoet gekom word en sal daar nie van hulle verwag word om 'n bydrae tot administrasie- en regskostes te maak nie. Let wel: Geen registrasie-, administrasie- of regskostes is op enige stadium terugbetaalbaar nie.

Ons kan u die versekering gee dat daar uiters versigtig gewerk word met die ledebydraes wat ontvang word. Alle fondse met betrekking tot die HSAG word in 'n aparte trustrekening betaal vir onder andere regskoste, uitgawes en die administrasie van die HSAG, welke groep uit ongeveer 7 000 individue bestaan.

Hierdie rekening wat spesifiek vir dié doel deur die HSAG-prokureurs geopen is, word behoorlik geoudit deur onafhanklike ouditeure. Die HSAG-prokureurs hef slegs fooie en uitgawes soos en wanneer dit nodig is en dit nádat die werk reeds gedoen is.

Indien u agterstallig is met u registrasie- en regskoste versoek ons u om dit so spoedig as moontlik op datum te gebring ten einde die HSAG-prokureurs en regspan in staat te stel om die saak namens u te dryf.

Die HSBF poog gereeld om beleggers te ontmoedig om enkele duisende rande by te dra tot die klas-aksie wat miljarde rande eis en verdermeer, dat die regspan kwansuis slegs ingestel is om geld te maak. Die feit van die saak egter is dat die prokureurs so lank gelede as Maart 2015 ten volle vir dienste betaal is.

9. 2018 HSAG-INLIGTINGSESSIES

Die HSAG-bestuur het die sukses van die inligtingsessies opgeweeg teen die kostes daarvan, en is daar besluit dat daar wel moontlike inligtingsessies gedurende 2018 gehou sal word.

Hou gerus ons webblad dop vir inligting met betrekking tot die 2018 HSAG-Inligtingsessies.

Weens duidelike redes sal die kostes met betrekking tot die sessies 'n beduidende rol speel ter bepaling van waar en wanneer die sessies gehou sal word.

10. SURVEY MONKEY

Die HSAG het in 2017 met kwartaallikse meningsopnames onder lede begin wat 'n groot bydrae gelewer het om die lede se siening en behoeftes van die klas-aksie vas te stel deur die sogenaamde Survey Monkey op die HSAG webtuiste. 'n Nuwe stel Survey Monkey vrae sal in die eerste kwartaal op ons webblad by www.hsaction.co.za beskikbaar wees. Ons nooi u graag vriendelik uit om, indien u nog nie die huidige meningspeiling voltooi het nie, dit te doen en ook, sodra dit op die web is, die nuutste vraelys te voltooi.

11. KOSTE

Vanuit die staanspoor in 2004 is HSAG-lede in kennis gestel dat, afhangende van die ondersteuning en samewerking van voornemende HSAG-eisers, dit verwag kan word dat verdere bydraes van die HSAG-lede aangevra sal moet word. In 2016 was 'n eerste opvraging van regskostes gedoen en daarna jaarliks. Gelukkig beseft die oorgrote meerderheid van lede dat die saak namens en ten behoeve van hulle gedryf word. Ongelukkig is daar 'n groot aantal lede wat nie kan of wil bydra tot die saak nie, wat dan op sy beurt 'n verdere finansiële las op die ander lede en veral die regspan plaas. Weens die beduidende aantal lede wat nie hul kant oor tyd gebring het nie, kan daar moontlik op 'n meer gereelde basis opvragings gedoen word maar gelukkig kon die koste-opvragings nominaal gehou word.

Registrasie-, administrasie- en regskoste is van tyd tot tyd betaalbaar en is nie terugbetaalbaar nie.

Die bestuur het besluit om die kostes vir 2018 weereens op R2 000 per persoon te hou, en sal die nuutste opvraging binne die volgende twee maande van datum hiervan op u staat verskyn.

12. DIE HUIDIGE STAND VAN SAKE

Soos in die Januarie-maand Nuusbrief vermeld, moet die Hoogste Hof van Appèl (HHA) te Bloemfontein in 2018 die belangrike regsvraag oorweeg of 'n Nominale Applikant (daar 'n belegger wat slegs 'n "plekhouer" is, en wie duisende ander beleggers verteenwoordig) in 'n klas-aksie uit eie beweging sodanige aansoek om 'n klas-aksie te sertifiseer, asook die aansoek om Orthotouch se Reëlinskema tersyde te stel, kan terugtrek.

Ons bevestig dat die teenkant die Hofrekord op ons onderskeie korrespondente in Johannesburg en Pretoria beteken het. In terme van die Reëls van die Hoogste Hof van Appèl is die Appellante nou verplig om binne 'n voorgeskryf tydperk hul Hoofde van Betoog by die Registrateur in te dien waarna die regsverteenvoerders van die HSAG die geleentheid gegun word om hul Hoofde van Betoog in te dien.

U sal onthou dat beide Regters in Johannesburg en Pretoria bevestig dat die Griffier van die HHA genader mag word vir 'n spoedige appèldatum omrede die normale appèl-proses moontlik die Klas-aksie onnodiglik kan vertraag.

Ons kantore het inderdaad 'n skrywe op 12 Februarie 2018 aan die Registrateur van die HHA gerig waarin ons dringende aanwysings versoek met betrekking tot die bespoediging van die proses wat vorentoe gevolg moet word. 'n Soortgelyke brief is op 22 Februarie 2018 aan die Regter President gestuur.

Beleggers sal op hoogte gehou word van die verwickelinge.

13. LAAT-AANSOEKE VIR REGISTRASIE BY DIE HSAG

Laat-aansoeke sal op 'n streng *ad hoc* basis oorweeg word. Die registrasievorms is op die webtuiste by www.hsaction.co.za, beskikbaar of in die alternatief kan u 'n e-pos na hsagregister@gmail.com stuur om 'n registrasievorm te versoek. Alle versoeke en voltooide registrasievorms moet aan hsagregister@gmail.com gestuur word.

14. STAAT VIR DEELNAME AAN DIE HSAG

Vind asseblief hiertoe aangeheg u bydraestaat vir u deelname aan die HSAG.

Let asseblief op die volgende:

1. Indien geen opvraging ten aansien van registrasie-, regs- of administrasiekoste of 'n krediet op u staat verskyn nie, beteken dit dat u waarskynlik in 'n groep val wat nie geprosesseer en / of geallokeer is nie, en sal dit, indien dit onder ons aandag kom of gebring word, op 'n latere staat verskyn:
2. 'n Eenmalige registrasiekoste van R1 000 per sindikasie was ook gehef en sal op u staat verskyn.
3. Die aangevraagde opvraging vir 2016-regs-koste was R1 000 per sindikasie.
4. In Mei 2017 was 'n verdere opvraging vir bydrae tot regs- en administrasiekoste van R2 000 per persoon gemaak;
5. Daar sal in Februarie 2018/Maart 2018 'n verdere opvraging tot regs- en administrasiekoste van R2 000 per persoon gemaak.
6. Indien 'n staat 'n kredietbedrag toon, is u 'n geregistreerde lid van die HSAG, maar het ons nog nie u voltooide aansoekvorm ontvang nie. Geliewe die aansoekvorm af te laai vanaf ons webwerf, of rig 'n versoek aan ons daarvoor per e-pos by hsagregister@gmail.com.
7. Let asseblief daarop dat die inligting op ons rekords aanvanklik verkry is vanaf aansoekvorms:

- a. Indien u aansoekvorm gevolglik foutief, onduidelik of onvolledig is, sal u moontlik geen state of e-posse ontvang nie.
 - b. Voltooi asseblief die HSAG-vraelys op “Survey Monkey”, wat van tyd tot tyd op ons webtuiste geplaas word, ten einde u inligting op datum te bring, of stuur vir ons ’n e-pos na hsagregister@gmail.com.
8. Kliek asseblief op die e-pos skakel aan die einde van hierdie nuusbrieff om na die “Customer Zone” te gaan waar u die opvragings vir registrasie-, reghskostes en u betalings kan sien.
9. Weens die voortdurende groot hoeveelheid navrae, registrasies, wysiginge van persoonlike besonderhede en allokasies, is dit moontlik dat sommige betalings en/of registrasies nie op die aangehegte Staat sal verskyn nie, maar eers op ’n latere Staat. Maak asseblief seker dat u inligting korrek is.
10. Geoutomatiseerde state sal van tyd tot tyd (gewoonlik gedurende ’n maand) uitgestuur word, maar u skakel na die “Customer Zone” sal deurentyd aktief bly en u kan ter enige tyd u betalings en transaksies daarop sien, soos wat dit geallokeer word.
11. Indien daar enige uitstaande bedrae is, word u vriendelik versoek om dit so spoedig moontlik te betaal ten einde onnodige administrasie en/of verdere kostes te verhoed. Sodanige lede wie se registrasiekostes steeds agterstallig is, loop die gevaar dat hul lidmaatskap by die HSAG opgeskort gaan word.
12. Registrasieheffings is betaalbaar op alle nuwe en agterstallige (90 dae en ouer) registrasies. Registrasiekoste beloop tans R1 500,00 per sindikasie en, indien latere registrasies toegelaat word, sal daar waarskynlik ’n verdere heffing vir registrasiekoste per sindikasie vir alle nuwe registrasies gehef word ten einde finansiële bydraes deur huidige HSAG-lede te verlig.
13. Deelname aan die HSAG is algeheel vrywillig, maar sal persone wat nie aan die HSAG behoort of hul versoekte bydrae op datum hou nie, nie aanspraak kan maak op enige regte of voorregte wat getroue lede van die HSAG geniet nie. Persone wat hardvoggig weier of versuim om ledebydraes te maak se lidmaatskap sal beëindig word.
14. Ons bedank u vir u lojale ondersteuning waarsonder die HSAG Klas-aksie nie moontlik sou wees nie.
15. U kan verseker staatmaak op die onverdeelde en lojale ondersteuning van die HSAG-lede en geassosieerdes.
16. Enige spesifieke navrae kan aan hsagenquiries@gmail.com gerig word.

Vriendelike groete

HSAG-Bestuurskomitee

Kontak die HSAG en prokureurs by:

Tel: (021) 887 7877

hsactiongroup@gmail.com